



eduresourceza.com

REDDFORD HOUSE THE HILLS



Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Graad 12

Vraestel 2

EKSAMINATOR: Me. L. Terblanche

PUNTE: 100

MODERATOR: Mnr. E. Wasserman

TYD: 2½ Ure

DATUM: 7 Junie 2023

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit **10** bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE AFDELINGS**:
Afdeling A Letterkunde (70 punte)
Afdeling B Skryf (30 punte)
 3. Beantwoord **AL** die vrae.
 4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.
 6. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 7. **ALLE** vrae moet in Afrikaans beantwoord word.
-

AFDELING A LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.
4. Let op die punttoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.
5. **Beplanning**
 - 5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
 - 5.2 Skryf die opskrif, **BEPLANNING**, boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:

BEPLANNING  (linkerkantse bladsy)	VRAAG  (regterkantse bladsy)
---	---

VRAAG 1

KORT VRAE

Lees telkens die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

“Greg my pel, ek kan vir jou sê jou planne gaan duik, maar jy sal steeds jou eie kop volg. Dis fine. Dis wie jy is.”

“Gaan my planne duik?”

Hy grinnik. “Ja. Natuurlik.”

Dis nou Plank – altyd eerlik.

(Bl.101)



- 1.1 Watter “planne” dink Plank gaan duik? (1)
- 1.2 Daar word verwag dat beide Greg en Plank in hul pa's se voetspore moet volg. Hoe is Plank op die stadium 'n kopie van sy pa? (1)
- 1.3 Wat studeer Greg wat sy pa en Tom Lawson baie ongelukkig maak? (1)
- 1.4 Lisa se pa verbied haar om verder vir Plank te sien. Wat was die rede daarvoor?(1)
- 1.5 Hoekom is Dirk Schutte nie meer 'n polisieman nie? (1)
- 1.6 Met watter saak was Dirk Schutte destyds betrokke toe hy nog 'n polisieman was, wat een van die Baker se vorige “projekte” was? (1)

Ek draai maar anderpad toe die twee afskeid neem.

“Lief vir jou,” hoor ek haar sê.

“En ek vir jou, my spinnekop,” antwoord hy.

Hulle staan in mekaar se arms. Soen en fluister beloftes in mekaar se ore, soos jong verliefdes maak by afskeid en vertrek.

“Onthou, droom tot jou drome waar word,” hoor ek haar vir oulaas sê.

“Droom tot jou drome waar word,” eggo hy haar woorde.

Plank loop omkyk-omkyk weg van Lisa af. Sy waai 'n laaste keer. Kantel haar kop.

Glimlag moedig.

(Bl.126)

- 1.7 Waar speel dié afskeidstoneel af? (1)

1.8 Ons lees dat Lisa moedig glimlag. Watter emosie ervaar sy waarskynlik op hierdie oomblik? Skryf slegs die vraagnommer en alfabet letter neer. (1)

- A) hartseef
- B) treurig
- C) opgewonde
- D) blydschap

1.9 Waarheen is Greg en Plank oppad? (1)

1.10 Hoekom moet Plank juis saam met Greg gaan? (1)

1.11 Waarheen moet die vriende gaan om uiteindelik die Baker op te spoor? (1)

1.12 Waarmee hou plank homself bedags besig wanneer Greg en Xander besig is op die Donker Web? Noem TWEE aktiwiteite. (2)

1.13 Dink jy dat Greg ook 'n goeie vriend is teenoor Plank, soos wat hy vir Greg is? Motiveer jou antwoord. (2)

[15]

VRAAG 2 PARAGRAAF VRAAG

Die **transponder** wat Xander vir Greg stuur, speel 'n belangrike rol in wat verder in die verhaal gebeur.

2.1 Skryf 'n paragraaf van **80-120 woorde** oor die rol van die transponder. In jou paragraaf moet jy aandag gee aan die volgende:

- Watter maatskappy het die transponder vervaardig? (1)
- Wat word die mense genoem wat dié tipe produkte op hulself uittoets? (1)
- Hoe het Xander seker gemaak dat die transponder nie beskadig word nie? (1)
- Gee 'n kort verduideliking hoe die transponder lyk en wat dit kan doen. (2)
- Hoe moet die transponder ingeplant word? (1)
- Wie help vir Greg om vir Xander te bedrieg oor die transponder? Hoe doen hulle dit? (2)
- Op watter bloederige tooneel kom Greg in sy badkamer af? (1)
- Hoekom kan die transponder nie deur mediese personeel verwyder word nie?(1)

[10]

2.2

“Ek het die transponder geactiveer. Nou is jy myne.”

“Wat de hel?” antwoord ek, my lyf koud geskrik.

“E joke net. Jy het hierdie challenge geslaag. Die password is in jou hand.” (Bl.124)

2.2.1 Hoekom is die woorde “die password is in jou hand” nie waar nie? (1)

2.2.2 Waar ontmoet Greg vir Xander in Istanboel? (1)

2.2.3 Hoe probeer Xander seker maak of Greg die transponder by hom het? (1)

2.2.4 Hoe reageer Xander wanneer hy besef dat hy bedrieg is deur Greg? (1)

2.2.5 Watter opdrag van Xander het Greg ook nie volledig uitgevoer nie? (1)

[15]

VRAAG 3 DIALOOG

Voltooi die dialoog tussen **Greg** en **Ayla**. Jy hoef telkens net te antwoord soos die karakter. Onthou om by die feite van die boek te hou. Skryf slegs die vraagnommer en jou antwoord in jou antwoordboek neer.

Greg: Haai Ayla, dit is so lekker om jou te ontmoet. Hoe het jy en Xander ontmoet?

Ayla: 3.1 _____ (1)

Greg: Wat het jou die meeste van Xander beïndruk?

Ayla: 3.2 _____ (2)

Greg: Ayla jy is 'n Turkse meisie wat vlot Afrikaans kan praat. Waar het jy Afrikaans geleer?

Ayla: 3.3 _____ (2)

Greg: Watter werk doen jou ouers?

Ayla: 3.4 _____ (1)

Greg: Hoe lank gaan jy en Xander al uit?

Ayla: 3.5 _____ (1)

Greg: Het jou ouers al vir Xander ontmoet? Wat dink hulle van hom?

Ayla: 3.6 _____ (2)

Greg: Hoekom is julle so bang vir die polisie in Turkye?

Ayla: 3.7 _____ (1)

Greg: Ons moes jul woonplek in Istanboel vinnig verlaat. Wie dink jy wou so desperaat die huis oopbreek, die polisie?

Ayla: 3.8 _____ (1)

Greg: Jy hou nie baie van Plank nie. Wat is die rede daarvoor?

Ayla: 3.9 _____ (1)

Greg: Hoe het jy so goed met rekenaars en die internet geword?

Ayla: 3.10 _____ (2)

Greg: Jy het vir ons 'n Turkse melkert-nagereg gemaak. Daar was 'n vreemde bestanddeel in. Watter bestanddeel was dit?

Ayla: 3.11 _____ (1)

[15]

VRAAG 4

DIE STREEP LYKE WAT NA DIE BAKER LEI

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor die streep lyke wat ons na die Baker lei.

- Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

1. Inleiding

2. Regter Gericke se dood

- Vertel kortliks hoe regter Gericke vermoor is. (2)
- Watter lid van Project Nursery Rhyme verskyn ook op die video? (1)
- Wie het voorgestel dat die regter op die wrede manier vermoor moes word? (1)
- Wat het hulle met regter Gericke se lyk gedoen nadat hy tereggestel is? (1)
- Wat het Xander gedoen om wraak op sy pa se dood te neem? (2)

[7]

3. Tom se dood

- Hoe het Greg vir Tom geken? (1)
- Wat was Tom en Xander se verbintenis? (1)
- Hoekom het Xander vir Tom Stellenbosch toe gestuur? (1)
- Waar is Tom se lyk gevind? (1)
- Watter wreedaardige dinge het die moordenaar gedoen toe hy Tom vermoor het? Noem TWEE. (2)

[6]

4. Dokter Trollip se dood

- Hoekom het Greg navorsing oor dokter Trollip gedoen? (1)
- Hoe het John oor dokter Trollip gevoel toe hy hom die eerste keer ontmoet het? (1)
- Waaroor het dokter Trollip in die tronk beland? (1)
- Watter ander artikel kan Greg oor dokter Trollip opspoor? (1)
- Wat was sy uiteinde? (1)
- Hoe voel mevrou Trollip oor haar man? (1)
- Hoe reageer mevrou Trollip wanneer Greg begin uitvra oor Project Nursery Rhyme? (1)

[7]

5. Slot

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

[25]

TOTAAL AFDELING A : 70 PUNTE

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
 - interpretasie van die opdrag
 - inhoud en idees
 - register en toon
 - taalgebruik


5. **Beplanning**

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:


	BEPLANNING (linkerkantse bladsy) 			VRAAG (regterkantse bladsy) 	
--	---	--	--	--	--

Jy is 'n entrepreneur en wil graag jou eie besigheid begin. Jy het baie goeie idees en is baie entoesiasties, maar jy het nie genoeg geld om die besigheid te begin nie. Jy gesels met iemand wat moontlik geld in jou besigheid kan belê. Die persoon wil duidelikheid oor die volgende aspekte hê voordat die geld beskikbaar gemaak sal word:

- die naam en tipe besigheid;
- hoeveel geld jy benodig;
- wat die besigheid spesifiek gaan doen en hoe dit geld gaan maak;
- jou ervaring in die besigheidswêreld;
- jou plan om die besigheid later uit te brei.

Skryf 'n dialoog tussen jou en die belegger in 'n dialoog vorm neer. Die inhoud van die dialoog moet tussen **150-250 woorde** lank wees.

- Elke spreker moet ten minste 3 keer in die dialoog praat.
- Laat 'n reël oop tussen die spreekbeurte.
- Skryf jou woordtelling onderaan jou skryfstuk.
- Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf. Bv. Breindiagram.



[20]

VRAAG 6

E-POS

Situasie:

Tersêre studies aan universiteite is baie duur. Nie almal het die geld om verder te studeer nie. Jy word die kans gebied om aansoek te doen om 'n beurs te ontvang. Die organisasie, **SA Universiteite Beurse en Lenings** is bereid om studente finansiëel te ondersteun. Jy moet die organisasie oortuig dat jy die ideale kandidaat is.

Opdrag:

Skryf 'n e-pos aan die organisasie waarin jy hulle meer van jouself vertel en hulle ook probeer oortuig dat jy 'n goeie kandidaat vir 'n beurs is. Spreek die volgende aspekte aan:

- Jou akademiese prestasies.
- Jou buitemuurse aktiwiteite en prestasies.
- Jou eienskappe en kwaliteite.
- Waarom jy die beurs benodig en verdien.

Onthou:

- Die inhoud van jou e-pos moet tussen **60-120 woorde** lank wees.
- Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.
- Skryf die woordtelling aan die einde van die skryfstuk neer in hakies.

Gebruik die onderstaande formaat vir jou e-pos:

Aan	beurse@sauniversiteite.co.za
Van	
Onderwerp	
Boodskap	Geagte Byvoorbaat dank (Jou naam)

[10]

TOTAAL AFDELING B : 30 PUNTE

GROOT TOTAAL : 100 PUNTE